Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 469 Cape Town, Kaapstad, 14 July Julie 2004 No. 26570

## THE PRESIDENCY

No. 842 14 July 2004

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 8 of 2004: National Environmental Management Amendment Act, 2004.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 842 14 Julie 2004

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 8 van 2004: Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2004.**

26570
9 771682 584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 9 July 2004.)*

# ACT

**To amend the National Environmental Management Act, 1998, so as to insert certain definitions and substitute others; to make further provision regarding environmental authorisations; to make certain textual alterations; to provide for the registration of associations of environmental assessment practitioners; and to provide for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 107 of 1998, as amended by section 1 of Act 56 of 2002**

**1.** Section 1 of the National Environmental Management Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by—

*(a)* the insertion after the definition of "Agenda 21" of the following definition:

"'**assessment**', when used in Chapter 5, means the process of collecting, organising, analysing, interpreting and communicating information that is relevant to decision-making;";

*(b)* the insertion after the definition of "best practicable environmental option" of the following definition:

"'**commence**', when used in Chapter 5, means the start of any physical activity on the site in furtherance of a listed activity;";

*(c)* the insertion after the definition of "community" of the following definition:

"'**competent authority**', in respect of a listed activity or specified activity, means the organ of state charged by this Act with evaluating the environmental impact of that activity and, where appropriate, with granting or refusing an environmental authorisation in respect of that activity;";

*(d)* the insertion after the definition of "environment" of the following definitions:

"'**environmental assessment practitioner**', when used in Chapter 5, means the individual responsible for the planning, management and coordination of environmental impact assessments, strategic environmental assessments, environmental management plans or any other appropriate environmental instruments introduced through regulations;

'**environmental authorisation**', when used in Chapter 5, means the authorisation by a competent authority of a listed activity in terms of this Act;";

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 Julie 2004.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, ten einde sekere woordomskrywings by te voeg en ander te vervang; verder voorsiening te maak aangaande omgewingsmagtigings; sekere tekswysigings aan te bring; voorsiening te maak vir die registrasie van verenigings van omgewingsinvloedbepalingspraktisyns; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat hiermee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 2002**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur—

*(a)* die volgende omskrywing voor die omskrywing van "Agenda 21" in te voeg:
" '**aanvang**', wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die begin van enige fisiese aktiwiteit op die terrein ter bevordering van 'n gelyste aktiwiteit;";

*(b)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "aktiwiteit" in te voeg:
" '**bepaling**', wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses van die versameling, organisering, ontleding, vertolking en kommunikering van inligting wat by besluitneming ter sake is;";

*(c)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "beste praktiese omgewingsopsie" in te voeg:
" '**bevoegde owerheid**', ten opsigte van 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit, die staatsorgaan waaraan by hierdie Wet die taak opgedra is om die omgewingsinvloed van daardie aktiwiteit te evalueer en, waar toepaslik, 'n omgewingsmagtiging ten opsigte van daardie aktiwiteit toe te staan of af te keur;";

*(d)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "ekosisteem" in te voeg:
" '**evaluering**', wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses om die relatiewe belangrikheid of beduidendheid van inligting, in die lig van mense se waardes, voorkeure en oordele, vas te stel ten einde 'n besluit te neem;";

*(e)* die volgende omskrywings na die omskrywing van "Forum" in te voeg:
" '**gelyste aktiwiteit**', wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n aktiwiteit ingevolge artikel 24(2)*(a)* en *(d)* geïdentifiseer;
'**gelyste gebied**', wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n geografiese gebied ingevolge artikel 24(2)*(b)* en *(c)* geïdentifiseer;";

*(f)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "gemeenskap" in te voeg:

(*e*) the insertion after the definition of "environmental management plan" of the following definition:

"'**evaluation**', when used in Chapter 5, means the process of ascertaining the relative importance or significance of information, in the light of people's values, preferences and judgements, in order to make a decision;";

(*f*) the insertion after the definition of "international environmental instrument" of the following definitions:

"'**listed activity**', when used in Chapter 5, means an activity identified in terms of section 24(2)*(a)* and *(d)*;";

'**listed area**', when used in Chapter 5, means a geographical area identified in terms of section 24(2)*(b)* and *(c)*;";

(*g*) the substitution for the definition of "MEC" of the following definition:

"'**MEC**' means the Member of the Executive Council to whom the Premier has assigned **[the performance in the province of the functions entrusted to a MEC by or under such a provision]** responsibility for environmental affairs;";

(*h*) the insertion after the definition of "regulation" of the following definitions:

"'**review**', when used in Chapter 5, means the process of determining whether an assessment has been carried out correctly or whether the resulting information is adequate in order to make a decision;

'**specific environmental management Act**' means an Act of Parliament that regulates a specific aspect of the environment, as defined in this Act, and includes any regulations or other subordinate legislation made in terms of such an Act;

'**specified activity**', when used in Chapter 5, means an activity as specified within a listed geographical area in terms of section 24(2)*(b)* and *(c)*;".

**Substitution of section 24 of Act 107 of 1998**

**2.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

**"Environmental authorisations**

**24.** (1) In order to give effect to the general objectives of integrated environmental management laid down in this Chapter, the potential impact on the environment of listed activities must be considered, investigated, assessed and reported on to the competent authority charged by this Act with granting the relevant environmental authorisation.

(2) The Minister, and every MEC with the concurrence of the Minister, may identify—

(*a*) activities which may not commence without environmental authorisation from the competent authority;

(*b*) geographical areas based on environmental attributes in which specified activities may not commence without environmental authorisation from the competent authority;

(*c*) geographical areas based on environmental attributes in which specified activities may be excluded from authorisation by the competent authority;

(*d*) individual or generic existing activities which may have a detrimental effect on the environment and in respect of which an application for an environmental authorisation must be made to the competent authority:

Provided that where an activity falls under the jurisdiction of another Minister or MEC, a decision in respect of paragraphs *(a)* to *(d)* must be taken after consultation with such other Minister or MEC.

(3) The Minister, and every MEC with the concurrence of the Minister, may compile information and maps that specify the attributes of the environment in particular geographical areas, including the sensitivity, extent, interrelationship and significance of such attributes which must be taken into account by every competent authority.

**'gespesifiseerde aktiwiteit'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, 'n aktiwiteit soos gespesifiseer in 'n gelyste geografiese gebied ingevolge artikel 24(2)*(b)* en *(c)*;";

*(g)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "Grondwet" in te voeg:

" **'hersiening'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die proses van vasstelling of 'n bepaling korrek uitgevoer is en of die voortspruitende inligting voldoende is om 'n besluit te kan neem;";

*(h)* die omskrywing van "LUR" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'LUR'** die Lid van die Uitvoerende Raad aan wie die Premier **[die verrigting van die werksaamhede in die provinsie opgedra het wat aan 'n LUR by of kragtens sodanige bepaling toevertrou word]** die verantwoordelikheid vir omgewingsake toegewys het;";

*(i)* die volgende omskrywings na die omskrywing van "omgewingsimplementeringsplan" in te voeg:

" **'omgewingsinvloedbepalingspraktisyn'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die individu verantwoordelik vir die beplanning, bestuur en koördinering van omgewingsinvloedbepalings, strategiese omgewingsbepalings, omgewingsbestuursplanne of enige ander toepaslike omgewingsinstrumente wat deur regulasies ingevoer word;

**'omgewingsmagtiging'**, wanneer in Hoofstuk 5 gebruik, die magtiging van 'n gelyste aktiwiteit deur 'n bevoegde owerheid ingevolge hierdie Wet;";

*(j)* die volgende omskrywing na die omskrywing van "regulasie" in te voeg:

" **'spesifieke omgewingsbestuurswet'** 'n Wet van die Parlement wat 'n spesifieke aspek reguleer van die omgewing, soos omskryf in hierdie Wet, en ook enige regulasies of ander ondergeskikte wetgewing uitgevaardig ingevolge sodanige Wet;".

**Wysiging van artikel 24 van Wet 107 van 1998**

**2.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Omgewingsmagtigings**

**24.** (1) Ten einde uitvoering te gee aan die algemene oogmerke van geïntegreerde omgewingsbestuur neergelê in hierdie Hoofstuk, moet gelyste aktiwiteite se potensiële invloed op die omgewing oorweeg, ondersoek en bepaal word en daaroor verslag gedoen word aan die bevoegde owerheid waaraan deur hierdie Wet die taak opgedra is om die tersaaklike omgewingsmagtiging te verleen.

(2) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan—

*(a)* aktiwiteite identifiseer wat nie 'n aanvang mag neem sonder omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid nie;

*(b)* geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, waarin gespesifiseerde aktiwiteite nie 'n aanvang mag neem sonder omgewingsmagtiging van die bevoegde owerheid nie;

*(c)* geografiese gebiede identifiseer, gegrond op omgewingseienskappe, waarin gespesifiseerde aktiwiteite van magtiging deur die bevoegde owerheid uitgesluit kan word;

*(d)* individuele of generiese bestaande aktiwiteite identifiseer wat 'n nadelige uitwerking op die omgewing kan hê en ten opsigte waarvan 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging by die bevoegde owerheid gedoen moet word:

Met dien verstande dat, waar 'n aktiwiteit onder die jurisdiksie van 'n ander Minister of LUR val, 'n besluit ten opsigte van paragrawe *(a)* tot *(d)* geneem moet word na oorleg met sodanige ander Minister of LUR.

(3) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan inligting en kaarte opstel wat die eienskappe spesifiseer van die omgewing in bepaalde geografiese gebiede, met inbegrip van die sensitiwiteit, omvang, tussenverwantskap en beduidendheid van sodanige eienskappe wat deur elke bevoegde owerheid in ag geneem moet word.

(4) Procedures for the investigation, assessment and communication of the potential impact of activities must ensure, as a minimum, with respect to every application for an environmental authorisation—

*(a)* investigation of the environment likely to be significantly affected by the proposed activity and alternatives thereto;

*(b)* investigation of the potential impact of the activity and its alternatives on the environment and assessment of the significance of that potential impact;

*(c)* investigation of mitigation measures to keep adverse impacts to a minimum, as well as the option of not implementing the activity;

*(d)* public information and participation which provide all interested and affected parties, including all organs of state in all spheres of government that may have jurisdiction over any aspect of the activity, with a reasonable opportunity to participate in such information and participation procedures;

*(e)* reporting on gaps in knowledge, the adequacy of predictive methods and underlying assumptions, and uncertainties encountered in compiling the required information;

*(f)* investigation and formulation of arrangements for the monitoring and management of impacts, and the assessment of the effectiveness of such arrangements after their implementation;

*(g)* coordination and cooperation between organs of state in the consideration of assessments where an activity falls under the jurisdiction of more than one organ of state;

*(h)* that the findings and recommendations flowing from such investigation, the general objectives of integrated environmental management laid down in this Act and the principles of environmental management set out in section 2 are taken into account in any decision made by an organ of state in relation to the proposed policy, programme, plan or project; and

*(i)* that environmental attributes identified in the compilation of information and maps as contemplated in subsection (3) are considered.

(5) The Minister, and every MEC with the concurrence of the Minister, may make regulations consistent with subsection (4)—

*(a)* laying down the procedure to be followed in applying for, the issuing of and monitoring compliance with environmental authorisations;

*(b)* laying down the procedure to be followed and the institutional arrangements in respect of—

(i) the efficient administration and processing of environmental authorisations;

(ii) fair decision-making and conflict management in the consideration and processing of applications for environmental authorisations;

(iii) the preparation and evaluation of environmental impact assessments, strategic environmental assessments, environmental management plans and any other relevant environmental management instruments that may be developed in time;

(iv) applications to the competent authority by any person to be exempted from the provisions of any regulation in respect of a specific activity;

(v) appeals against decisions of competent authorities;

*(c)* prescribing fees to be paid for—

(i) the consideration and processing of applications for environmental authorisations;

(ii) the review of documents, processes and procedures by specialists on behalf of the competent authority;

*(d)* requiring the provision of financial or other security to cover the risks to the State and the environment of non-compliance with conditions attached to environmental authorisations;

(4) Prosedures vir die ondersoek, bepaling en kommunikering van die potensiële invloed van aktiwiteite moet die volgende as 'n minimum ten opsigte van elke aansoek om 'n omgewingsmagtiging verseker:

*(a)* Ondersoek van die omgewing wat waarskynlik beduidend geraak sal word deur die voorgestelde aktiwiteit en alternatiewe daarvoor;
*(b)* ondersoek van die potensiële invloed van die aktiwiteit en sy alternatiewe op die omgewing, en bepaling van die beduidendheid van daardie potensiële invloed;
*(c)* ondersoek van versagtende maatreëls om nadelige invloede tot 'n minimum te beperk, asook die opsie om nie die aktiwiteit te implementeer nie;
*(d)* openbare inligting en deelname wat alle belanghebbende en geaffekteerde partye, met inbegrip van alle staatsorgane in alle regeringsfere wat jurisdiksie het oor enige aspek van die aktiwiteit, voorsien van 'n redelike geleentheid om deel te neem aan sodanige inligtings- en deelnameprosedure;
*(e)* verslagdoening oor gapings in kennis, die toereikendheid van voorspellende metodes en onderliggende aannames, en onsekerhede teëgekom by die saamstel van die vereiste inligting;
*(f)* ondersoek en formulering van reëlings vir die monitering en bestuur van invloede, en die bepaling van die doeltreffendheid van sodanige reëlings na die implementering daarvan;
*(g)* koördinering en samewerking tussen staatsorgane by die oorweging van bepalings waar 'n aktiwiteit onder die jurisdiksie van meer as een staatsorgaan val;
*(h)* dat die bevindings en aanbevelings wat spruit uit sodanige ondersoek, die algemene oogmerke van geïntegreerde omgewingsbestuur in hierdie Wet neergelê en die beginsels van omgewingsbestuur in artikel 2 uiteengesit, in ag geneem word by enige besluit deur 'n staatsorgaan geneem met betrekking tot die voorgestelde beleid, program, plan of projek; en
*(i)* dat omgewingseienskappe geïdentifiseer by die saamstel van inligting en kaarte, soos beoog in subartikel (3), oorweeg word.

(5) Die Minister, en elke LUR met die instemming van die Minister, kan regulasies uitvaardig wat bestaanbaar is met subartikel (4) en wat—

*(a)* die prosedure neerlê wat gevolg moet word by die aansoekdoen om, die uitreiking van en die monitering van voldoening aan omgewingsmagtigings;
*(b)* die prosedure wat gevolg moet word en die institusionele reëlings neerlê ten opsigte van—
    (i) die doeltreffende administrasie en verwerking van omgewingsmagtigings;
    (ii) regverdige besluitneming en konflikbestuur by die oorweging en verwerking van aansoeke om omgewingsmagtigings;
    (iii) die voorbereiding en evaluering van omgewingsinvloedbepalings, strategiese omgewingsbepalings, omgewingsbestuursplanne, en enige ander tersaaklike omgewingsbestuursinstrumente wat mettertyd ontwikkel word;
    (iv) aansoeke deur enige persoon aan die bevoegde owerheid om vrygestel te word van die bepalings van enige regulasie ten opsigte van 'n bepaalde aktiwiteit;
    (v) appèlle teen beslissings van bevoegde owerhede;
*(c)* gelde betaalbaar voorskryf vir—
    (i) die oorweging en verwerking van aansoeke om omgewingsmagtigings;
    (ii) die hersiening van dokumente, prosesse en prosedures deur spesialiste namens die bevoegde owerheid;
*(d)* die voorsiening vereis van finansiële of ander sekuriteit om die risiko's vir die Staat en die omgewing van nievoldoening aan voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings te dek;
*(e)* spesifiseer dat omgewingsinvloedbepalings, of ander gespesifiseerde take wat verrig word in verband met 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging, slegs uitgevoer mag word deur 'n omgewingsinvloed-

(*e*) specifying that environmental impact assessments, or other specified tasks performed in connection with an application for an environmental authorisation, may only be performed by an environmental assessment practitioner registered in accordance with the prescribed procedures;

(*f*) requiring that competent authorities maintain a registry of applications for, and records of decisions in respect of, environmental authorisations;

(*g*) specifying that a contravention of a specified regulation is an offence and prescribing penalties for the contravention of that regulation;

(*h*) prescribing minimum criteria for the report content for each type of report and for each process that is contemplated in terms of the regulations in order to ensure a consistent quality and to facilitate efficient evaluation of reports;

(*i*) prescribing review mechanisms and procedures including criteria for, and responsibilities of all parties in, the review process;

(*j*) prescribing any other matter necessary for dealing with making and evaluating applications for environmental authorisations.

(6) An MEC may make regulations in terms of subsection (5) only in respect of listed activities or areas in respect of which the MEC is the competent authority.

(7) Compliance with the procedure laid down by the Minister or an MEC in terms of subsection (4) does not remove the need to obtain an authorisation, other than an environmental authorisation, for that activity from any organ of state charged by law with authorising, permitting or otherwise allowing the implementation of the activity.

(8) Authorisations or permits obtained under any other law for an activity listed or specified in terms of this Act does not absolve the applicant from obtaining authorisation under this Act and any such other authorisations or permits may only be considered by the competent authority if they are in compliance with subsection (4)*(d)*.

(9) Only the Minister may make regulations in accordance with subsection (5) stipulating the procedure to be followed and the report to be prepared in investigating, assessing and communicating potential impacts for the purpose of complying with subsection (1) where the activity will affect—

(*a*) more than one province or traverse international boundaries; or

(*b*) compliance with obligations resting on the Republic under customary international law or a convention.".

**Insertion of sections 24A to 24I in Act 107 of 1998**

**3.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 24:

**"Procedure for listing activity or area**

**24A.** Before identifying any activity or area in terms of section 24(2), the Minister or MEC, as the case may be, must publish a notice in the relevant *Gazette*—

(*a*) specifying, through description, a map or any other appropriate manner, the activity or area that it is proposing to list;

(*b*) inviting interested parties to submit written comments on the proposed listing within a period specified in the notice.

**Procedure for delisting of activities or areas**

**24B.** (1) The Minister may delist an activity or area identified by the Minister in terms of section 24(2).

(2) An MEC may, with the concurrence of the Minister, delist an activity or area identified by the MEC in terms of section 24(2).

bepalingspraktisyn wat ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures geregistreer is;

*(f)* vereis dat bevoegde owerhede 'n register van aansoeke om, en rekords van beslissings ten opsigte van, omgewingsmagtigings hou;

*(g)* spesifiseer dat 'n oortreding van 'n besondere regulasie 'n misdryf is en strawwe vir die oortreding van daardie regulasie voorskryf;

*(h)* minimum kriteria voorskryf vir die verslaginhoud vir elke soort verslag en vir elke proses wat ingevolge hierdie regulasies beoog word ten einde 'n konsekwente gehalte te verseker en die doeltreffende evaluering van verslae te fasiliteer;

*(i)* hersieningsmeganismes en -prosedures voorskryf wat kriteria vir en die verantwoordelikhede van alle partye in die hersieningsproses insluit;

*(j)* enige ander aangeleentheid voorskryf wat nodig is vir die hantering van die doen en evaluering van aansoeke om omgewingsmagtigings.

(6) 'n LUR kan regulasies ingevolge subartikel (5) uitvaardig slegs ten opsigte van gelyste aktiwiteite of gebiede ten opsigte waarvan die LUR die bevoegde owerheid is.

(7) Voldoening aan die prosedure deur die Minister of 'n LUR neergelê ingevolge subartikel (4) verwyder nie die nodigheid om 'n ander magtiging as 'n omgewingsmagtiging vir daardie aktiwiteit te bekom van enige staatsorgaan wat by wet gelas is om die implementering van die aktiwiteit te magtig, permitteer of andersins toe te laat nie.

(8) Magtigings of permitte kragtens enige ander wet verkry vir 'n aktiwiteit gelys of gespesifiseer ingevolge hierdie Wet skeld nie die aansoeker vry van die verkryging van magtiging kragtens hierdie Wet nie en enige sodanige ander magtigings of permitte kan deur die bevoegde owerheid oorweeg word slegs ooreenkomstig subartikel (4)*(d)*.

(9) Slegs die Minister kan regulasies ooreenkomstig subartikel (5) uitvaardig wat stipuleer die prosedure wat gevolg moet word en die verslag wat opgestel moet word by die ondersoek, bepaling en kommunikering van potensiële invloede ten einde aan subartikel (1) te voldoen waar—

*(a)* die aktiwiteit meer as een provinsie sal raak of oor internasionale grense sal strek;

*(b)* die aktiwiteit voldoening aan verpligtinge wat rus op die Republiek kragtens gewoonte- of internasionale reg of 'n konvensie sal raak.".

**Invoeging van artikels 24A tot 24I in Wet 107 van 1998**

**3.** Die volgende artikels word hierby na artikel 24 in die Hoofwet ingevoeg:

**"Prosedure vir lysting van aktiwiteit of gebied**

**24A.** (1) Voordat enige aktiwiteit of gebied ingevolge artikel 24(2) geïdentifiseer kan word, moet die Minister of LUR, na gelang van die geval, 'n kennisgewing in die tersaaklike *Staatskoerant* laat publiseer wat—

*(a)* deur beskrywing, 'n kaart of op enige ander toepaslike wyse die aktiwiteit of gebied spesifiseer wat dit beoog om te lys;

*(b)* belanghebbende partye versoek om binne die tydperk gespesifiseer in die kennisgewing skriftelike kommentaar oor die beoogde lysting voor te lê.

**Prosedure vir ontlysting van aktiwiteite of gebiede**

**24B.** (1) die Minister kan 'n aktiwiteit of gebied wat deur die Minister ingevolge artikel 24(2) geïdentifiseer is, ontlys.

(2) 'n LUR kan, met die instemming van die Minister, 'n aktiwiteit of gebied wat deur die LUR ingevolge artikel 24(2) geïdentifiseer is, ontlys.

(3) Die Minister of LUR, na gelang van die geval, moet voldoen aan artikel 24A, gelees met die veranderings vereis deur die samehang, voor 'n aktiwiteit of gebied ingevolge hierdie artikel ontlys word.

(3) The Minister or MEC, as the case may be, must comply with section 24A, read with the changes required by the context, before delisting an activity or area in terms of this section.

**Procedure for identifying the competent authority**

**24C.** (1) When listing activities in terms of section 24(2) the Minister, or the MEC with the concurrence of the Minister, must identify the competent authority responsible for granting environmental authorisations in respect of those activities.

(2) The Minister must be identified as the competent authority in terms of subsection (1) if the activity—

*(a)* has implications for national environmental policy or international environmental commitments or relations;

*(b)* will take place within an area identified in terms of section 24(2)*(b)* or *(c)* as a result of the obligations resting on the Republic in terms of any international environmental instrument, other than any area falling within the sea-shore, a conservancy, a protected natural environment, a proclaimed private nature reserve, a natural heritage site, or the buffer zone or transitional area of a biosphere reserve or a world heritage site;

*(c)* will affect more than one province or traverse international boundaries;

*(d)* is undertaken, or is to be undertaken, by—

(i) a national department;

(ii) a provincial department responsible for environmental affairs; or

(iii) a statutory body, excluding any municipality, performing an exclusive competence of the national sphere of government; or

*(e)* will take place within a national proclaimed protected area or other conservation area under control of a national authority.

(3) The Minister and an MEC may agree that applications for environmental authorisations with regard to any activity or class of activities—

*(a)* contemplated in subsection (2) may be dealt with by the MEC;

*(b)* in respect of which the MEC is identified as the competent authority may be dealt with by the Minister.

**Publication of list**

**24D.** The Minister or MEC, as the case may be, must publish in the relevant *Gazette* a notice listing activities and areas identified in terms of section 24(2) and listing the competent authorities identified in terms of section 24C and the date on which the list is to come into effect.

**Minimum conditions attached to environmental authorisations**

**24E.** Every environmental authorisation must as a minimum ensure that—

*(a)* adequate provision is made for the ongoing management and monitoring of the impacts of the activity on the environment throughout the life cycle of the activity;

*(b)* the property, site or area is specified; and

*(c)* provision is made for the transfer of rights and obligations when there is a change of ownership in the property.

**Offences relating to commencement or continuation of listed activity**

**24F.** (1) Notwithstanding the provisions of any other Act, no person may commence an activity listed in terms of section 24(2)*(a)* or *(b)* unless the competent authority has granted an environmental authorisation for the activity, and no person may continue an existing activity listed in terms of section 24(2)*(d)* if an application for an environmental authorisation is refused.

**Prosedure om die bevoegde owerheid te identifiseer**

**24C.** (1) Wanneer aktiwiteite ingevolge artikel 24(2) gelys word, moet die Minister, of die LUR met die instemming van die Minister, die bevoegde owerheid verantwoordelik vir die toestaan van omgewingsmagtigings ten opsigte van daardie aktiwiteite identifiseer.

(2) Die Minister moet geïdentifiseer word as die bevoegde owerheid ingevolge subartikel (1) indien die aktiwiteit—

*(a)* implikasies vir nasionale omgewingsbeleid of internasionale omgewingsverbintenisse of betrekkinge het;

*(b)* sal plaasvind in 'n gebied geïdentifiseer ingevolge artikel 24(2)*(b)* of *(c)* as gevolg van die verpligtinge van die Republiek ingevolge enige internasionale omgewingsinstrument, uitgesonderd enige gebied wat binne die kuslyn val, 'n bewaringsgebied, 'n beskermde natuurlike omgewing, 'n geproklameerde privaat natuurreservaat, 'n natuurerfenisterrein, of die buffersone of oorgangsgebied van 'n biosfeerreservaat of 'n wêrelderfenisterrein;

*(c)* meer as een provinsie sal raak of oor internasionale grense sal strek;

*(d)* onderneem word, of onderneem staan te word, deur—

(i) 'n nasionale departement;

(ii) 'n provinsiale departement verantwoordelik vir omgewingsake; of

(iii) 'n statutêre liggaam, uitgesluit enige munisipaliteit wat 'n eksklusiewe bevoegdheid van die nasionale regeringsfeer uitvoer; of

*(e)* sal plaasvind in 'n nasionaal geproklameerde beskermde gebied of ander bewaringsgebied onder beheer van 'n nasionale owerheid.

(3) Die Minister en 'n LUR kan ooreenkom dat aansoeke om omgewingsmagtigings met betrekking tot enige aktiwiteit of klas aktiwiteite—

*(a)* beoog in subartikel (2) deur die LUR hanteer kan word;

*(b)* ten opsigte waarvan die LUR as die bevoegde owerheid geïdentifiseer is, deur die Minister gehanteer kan word.

**Publikasie van lys**

**24D.** Die Minister of LUR, na gelang van die geval, moet 'n kennisgewing in die tersaaklike *Staatskoerant* publiseer wat aktiwiteite en gebiede lys wat ingevolge subartikel 24(2) geïdentifiseer word, en die bevoegde owerhede lys wat ingevolge subartikel 24C geïdentifiseer word en die datum waarop die lys van krag word.

**Minimum voorwaardes gekoppel aan omgewingsmagtigings**

**24E.** Elke omgewingsmagtiging moet as minimum verseker dat—

*(a)* toereikende voorsiening gemaak word vir die deurlopende bestuur en monitering van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing vir die duur van die lewensiklus van die aktiwiteit;

*(b)* die eiendom, terrein of gebied gespesifiseer word; en

*(c)* voorsiening gemaak word vir die oordrag van regte en verpligtinge wanneer 'n verandering in die eienaarskap van die eiendom plaasvind.

**Misdrywe wat verband hou met die aanvang of voortsetting van gelyste aktiwiteite**

**24F.** (1) Ondanks die bepalings van enige ander Wet mag geen persoon met 'n aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24(2)*(a)* of *(b)* 'n aanvang neem nie, tensy die bevoegde owerheid 'n omgewingsmagtiging vir die aktiwiteit toegestaan het, en geen persoon mag 'n bestaande aktiwiteit gelys ingevolge artikel 24(2)*(d)* voortsit indien 'n aansoek om 'n omgewingsmagtiging geweier word nie.

(2) Dit is 'n misdryf vir enige persoon om in stryd met subartikel (1) of die voorwaardes met betrekking tot enige omgewingsmagtiging wat toegestaan is vir 'n gelyste aktiwiteit, op te tree.

(2) It is an offence for any person to contravene subsection (1) or the conditions applicable to any environmental authorisation granted for a listed activity.

(3) It is a defence to a charge in terms of subsection (2) to show that the activity was commenced or continued in response to an emergency so as to protect human life, property or the environment.

(4) A person convicted of an offence in terms of subsection (2) is liable to a fine not exceeding R5 million or to imprisonment for a period not exceeding ten years, or to both such fine and such imprisonment.

**Rectification of unlawful commencement or continuation of listed activity**

**24G.** (1) On application by a person who has committed an offence in terms of section 24F(2) the Minister or MEC, as the case may be, may direct the applicant to—

*(a)* compile a report containing—
   (i) an assessment of the nature, extent, duration and significance of the impacts of the activity on the environment, including the cumulative effects;
   (ii) a description of mitigation measures undertaken or to be undertaken in respect of the impacts of the activity on the environment;
   (iii) a description of the public participation process followed during the course of compiling the report, including all comments received from interested and affected parties and an indication of how issues raised have been addressed;
   (iv) an environmental management plan; and

*(b)* provide such other information or undertake such further studies as the Minister or MEC may deem necessary.

(2) Upon the payment by the person of an administration fine not exceeding R1 million as determined by the competent authority, the Minister or MEC concerned must consider the report contemplated in subsection (1) and thereafter may—

*(a)* direct the person to cease the activity, either wholly or in part, and to rehabilitate the environment within such time and subject to such conditions as the Minister or MEC may deem necessary; or

*(b)* issue an environmental authorisation to such person subject to such conditions as the Minister or MEC may deem necessary.

(3) A person who fails to comply with a directive contemplated in subsection (2)*(a)* or who contravenes or fails to comply with a condition contemplated in subsection (2)*(b)* is guilty of an offence and liable on conviction to a penalty contemplated in section 24F(4).

**Registration authorities**

**24H.** (1) An association proposing to register its members as environmental assessment practitioners may apply to the Minister to be appointed as a registration authority in such manner as the Minister may prescribe.

(2) The application must contain—

*(a)* the constitution of the association;

*(b)* a list of the members of the association;

*(c)* a description of the criteria and process to be used to register environmental assessment practitioners;

*(d)* a list of the qualifications of the members of the association responsible for the assessment of applicants for registration;

*(e)* a code of conduct regulating the ethical and professional conduct of members of the association; and

*(f)* any other prescribed requirements.

(3) After considering an application, and any other additional information that the Minister may require, the Minister may—

*(a)* by notice in the *Gazette*, appoint the association as a registration authority; or

(3) Dit is 'n verdediging teen 'n aanklag ingevolge subartikel (2) om aan te toon dat die aktiwiteit 'n aanvang geneem het of voortgegaan het in reaksie op 'n noodgeval, ter beskerming van menselewe, eiendom of die omgewing.

(4) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (2) aan 'n misdryf skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R5 miljoen of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

**Regstelling van gelyste aktiwiteite wat onwettig 'n aanvang geneem het of voortduur**

**24G.** (1) By aansoek deur enige persoon wat 'n misdryf ingevolge artikel 24F(2) gepleeg het, kan die Minister of LUR, na gelang van die geval, die aansoeker opdrag gee om—

*(a)* 'n verslag saam te stel wat—
  (i) 'n bepaling bevat van die aard, omvang, duur en beduidendheid van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing, met inbegrip van die kumulatiewe effekte;
  (ii) 'n beskrywing bevat van versagtende maatreëls wat onderneem word of onderneem moet word ten opsigte van die invloede van die aktiwiteit op die omgewing;
  (iii) 'n beskrywing bevat van die openbaredeelnameproses gevolg gedurende die opstel van die verslag, met inbegrip van alle kommentaar van belanghebbende en geraakte partye ontvang, en 'n aanduiding van hoe kwessies wat geopper is, aangespreek is;
  (iv) 'n omgewingsbestuursplan bevat; en

*(b)* die ander inligting te verstrek of die verdere studies te onderneem wat die Minister of LUR nodig ag.

(2) By betaling deur die persoon van 'n administrasie boete van hoogstens R1 miljoen, soos deur die bevoegde owerheid bepaal, moet die Minister of die betrokke LUR die verslag beoog in subartikel (1) oorweeg en kan daarna—

*(a)* sodanige persoon opdrag gee om die aktiwiteit te staak, óf in sy geheel óf ten dele, en om die omgewing te rehabiliteer binne die tyd en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag; of

*(b)* 'n omgewingsmagtiging aan sodanige persoon uitreik, onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister of LUR nodig ag.

(3) 'n Persoon wat in gebreke bly om 'n opdrag beoog in subartikel (2)*(a)* na te kom of wat versuim om te voldoen aan enige voorwaarde beoog in subartikel (2)*(b)* is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete beoog in artikel 24F(4).

**Registrasie-owerhede**

**24H.** (1) Enige vereniging wat beoog om sy lede as omgewingsinvloedbepalingspraktisyns te registreer, kan by die Minister aansoek doen om aangestel te word as 'n registrasie-owerheid op die wyse wat die Minister voorskryf.

(2) Die aansoek moet—

*(a)* die konstitusie van die vereniging bevat;

*(b)* 'n lys van die lede van die vereniging bevat;

*(c)* 'n beskrywing bevat van die kriteria en proses wat gebruik moet word om omgewingsinvloedbepalingspraktisyns te registreer;

*(d)* 'n lys bevat van die kwalifikasies van die lede van die vereniging verantwoordelik vir die evaluering van aansoekers vir registrasie;

*(e)* 'n gedragskode bevat wat die etiese en professionele gedrag van lede van die vereniging reguleer; en

*(f)* enige ander voorgeskrewe vereistes bevat.

(3) Na oorweging van 'n aansoek, en enige ander bykomende inligting wat deur die Minister vereis word, kan die Minister—

*(b)* in writing addressed to the association, refuse the application, giving reasons for such refusal.

(4) The Minister may, for good cause and in writing addressed to the association, terminate the appointment of an association as a registration authority.

(5) The Minister must maintain a register of all associations appointed as registration authorities in terms of this section.

**Appointment of external specialist to review assessment**

**24I.** The Minister or MEC may appoint an external specialist reviewer, and may recover costs from the applicant, in instances where—

*(a)* the technical knowledge required to review any aspect of an assessment is not readily available within the competent authority;

*(b)* a high level of objectivity is required which is not apparent in the documents submitted, in order to ascertain whether the information contained in such documents is adequate for decision-making or whether it requires amendment.".

**Amendment of section 43 of Act 107 of 1998**

**4.** The following section is hereby substituted for section 43 of the principal Act:

**"Appeals**

**43.** (1) Any affected person may appeal to the Minister against a decision taken by any person acting under a power delegated by the Minister under this Act or a specific environmental management Act.

(2) Any affected person may appeal to the relevant MEC against a decision taken by any person acting under a power delegated by the MEC under this Act or a specific environmental management Act.

(3) Any affected party may appeal to the Minister or MEC, as the case may be, against—

*(a)* any decision to issue or to refuse to issue an environmental authorisation or to grant an exemption in terms of Chapter 5;

*(b)* any provision or condition of an environmental authorisation or exemption issued or granted in terms of Chapter 5;

*(c)* any directive issued in terms of Chapter 5.

(4) An appeal under subsections (1) to (3) must be noted and must be dealt with in the manner prescribed and upon payment of a prescribed fee.

(5) The Minister or MEC, as the case may be, may consider and decide an appeal or appoint an appeal panel to consider and advise the Minister or MEC on the appeal.

(6) The Minister or MEC may, after considering such an appeal, confirm, set aside or vary the decision, provision, condition or directive or make any other appropriate order, including an order that the prescribed fee paid by the appellant, or any part thereof, be refunded.

(7) An appeal under this section does not suspend an environmental authorisation or exemption, or any provisions or conditions attached thereto, or any directive, unless the Minister or MEC directs otherwise.".

**Amendment of section 47 of Act 107 of 1998**

**5.** Section 47 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (3), (4), (5) and (6).

(*a*) die vereniging by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanstel as 'n registrasie-owerheid; of

(*b*) by skriftelike kennisgewing gerig aan die vereniging, die aansoek weier met verstrekking van redes vir die weiering.

(4) Die Minister kan om goeie rede en by skriftelike kennisgewing gerig aan die vereniging die aanstelling van 'n vereniging as 'n registrasie-owerheid beëindig.

(5) Die Minister moet 'n register hou van alle verenigings ingevolge hierdie artikel as registrasie-owerhede aangestel.

**Aanstelling van eksterne spesialis om bepaling te hersien**

**24I.** (1) Die Minister of LUR kan 'n eksterne spesialishersiener aanstel en kan koste van die applikant verhaal in gevalle waar—

(*a*) die tegniese kennis wat vereis word om enige aspek van 'n bepaling te hersien, nie geredelik beskikbaar is binne die bevoegde owerheid nie;

(*b*) 'n hoë vlak van objektiwiteit vereis word, wat nie duidelik blyk uit die dokumente wat voorgelê is nie, ten einde vas te stel of die inligting vervat in sodanige dokumente voldoende is vir besluitneming en of dit wysiging vereis.".

**Wysiging van artikel 43 van Wet 107 van 1998**

**4.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Appèlle**

**43.** (1) Enige persoon wat geraak word, kan na die Minister appelleer teen 'n besluit geneem deur enige persoon handelende kragtens 'n bevoegdheid deur die Minister gedelegeer kragtens hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(2) Enige persoon wat geraak word, kan na die tersaaklike LUR appelleer teen 'n besluit geneem deur enige persoon handelende kragtens 'n bevoegdheid deur die LUR gedelegeer kragtens hierdie Wet of 'n spesifieke omgewingsbestuurswet.

(3) Enige party wat geraak word, kan na die Minister of LUR, na gelang van die geval, appelleer teen—

(*a*) enige besluit om 'n omgewingsmagtiging uit te reik of te weier om dit uit te reik, of om 'n vrystelling ingevolge Hoofstuk 5 toe te staan;

(*b*) enige bepaling of voorwaarde van 'n omgewingsmagtiging of vrystelling uitgereik of toegestaan ingevolge Hoofstuk 5;

(*c*) enige opdrag uitgereik ingevolge Hoofstuk 5.

(4) 'n Appèl kragtens subartikels (1) tot (3) moet aangeteken word en moet gehanteer word op die voorgeskrewe wyse en by betaling van voorgeskrewe gelde.

(5) Die Minister of LUR, na gelang van die geval, kan 'n appèl oorweeg en 'n besluit daaroor neem of 'n appèlpaneel aanstel om die appèl te oorweeg en die Minister of LUR daaroor te adviseer.

(6) Die Minister of LUR kan na oorweging van so 'n appèl die besluit, bepaling, voorwaarde of opdrag bevestig, tersyde stel of wysig of enige ander toepaslike bevel maak, met inbegrip van 'n bevel dat die voorgeskrewe gelde deur die appellant betaal, of enige deel daarvan, terugbetaal moet word.

(7) 'n Appèl kragtens hierdie artikel skort nie 'n omgewingsmagtiging of vrystelling, of enige bepalings of voorwaardes daaraan geheg, of enige opdrag, op nie, tensy die Minister of LUR anders gelas.".

**Wysiging van artikel 47 van Wet 107 van 1998**

**5.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (3), (4), (5) en (6) te skrap.

**Amendment of section 50 of Act 107 of 1998**

**6.** Section 50 of the principal Act is hereby amended by the addition after subsection (2) of the following subsections:

"(3) Any application made in terms of section 21, 22 or 26 of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), that has been submitted but not finalised when those sections are repealed, must be finalised as if those sections had not been repealed.

(4) In order to ensure that the transition between the legal requirements of sections 21, 22 and 26 of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), and the requirements of this Act is efficient, the Minister may by notice in the *Gazette* list activities included in Government Notice R1182 of 5 September 1997 that will remain valid until such time as an MEC promulgates a list of activities for that province.".

**Transitional provision**

**7.** For a period of six months after the date on which this Act comes into operation, the provisions of section 24G of the principal Act apply, with the necessary changes, in respect of any listed activity commenced or continued in contravention of a provision of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989).

**Amendment of Schedule 3 to Act 107 of 1998**

**8.** Schedule 3 to the principal Act is hereby amended by the substitution for Part *(a)* of the following Part:

**(Section 34)**

**Part *(a)*: National Legislation**

| No. and year of law | Short title | Relevant provisions |
|---|---|---|
| Act No. 36 of 1947 | Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 | Section 18(1)*(i)* in so far as it relates to contraventions of sections 7 and 7*bis* |
| Act No. 71 of 1962 | Animals Protection Act, 1962 | Sections 2(1) and 2A |
| Act No. 45 of 1965 | Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 | Section 9 |
| Act No. 63 of 1970 | Mountain Catchment Areas Act, 1970 | Section 14 in so far as it relates to contraventions of section 3 |
| Act No. 15 of 1973 | Hazardous Substances Act, 1973 | Section 19(1)*(a)* and *(b)* in so far as it relates to contraventions of sections 3 and 3A |
| Act No. 63 of 1977 | Health Act, 1977 | Section 27 |
| Act No. 73 of 1980 | Dumping at Sea Control Act, 1980 | Section 2(1)*(a)* and *(b)* |
| Act No. 6 of 1981 | Marine Pollution (Control and Civil Liability) Act, 1981 | Section 2(1) |
| Act No. 43 of 1983 | Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 | Sections 6 and 7 |
| Act No. 2 of 1986 | Marine Pollution (Prevention of Pollution from Ships) Act, 1986 | Section 3A |
| Act No. 73 of 1989 | Environment Conservation Act, 1989 | Section 29(2)*(a)* and (4) |

**Wysiging van artikel 50 van Wet 107 van 1998**

**6.** Artikel 50 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:

"(3) Enige aansoek ingevolge artikel 21, 22 of 26 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), wat ingedien is maar nie gefinaliseer is wanneer daardie artikels herroep word nie, moet gefinaliseer word asof daardie artikels nie herroep is nie.

(4) Ten einde te verseker dat die oorgang tussen die regsvereistes van artikel 21, 22 en 26 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), en die vereistes van hierdie Wet doeltreffend is, kan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aktiwiteite lys wat ingesluit is in Goewermentskennisgewing R. 1182 van 5 September 1997 en wat geldig sal bly totdat 'n LUR 'n lys aktiwiteite vir daardie provinsie promulgeer.".

**Oorgangsmaatreël**

**7.** Vir 'n tydperk van ses maande na die datum waarop hierdie Wet in werking gestel word, sal die bepalings van artikel 24G van die Hoofwet van toepassing wees, met die nodige veranderinge, ten opsigte van enige gelyste aktiwiteit wat 'n aanvang geneem het of voortgesit word in stryd met 'n bepaling van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989).

**Wysiging van Bylae 3 by Wet 107 van 1998**

**8.** Bylae 3 by die Hoofwet word hierby gewysig deur Deel *(a)* deur die volgende Deel te vervang:

**(Artikel 34)**

**Deel *(a)*: Nasionale wetgewing**

| **No. en jaar van wet** | **Kort titel** | **Tersaaklike bepalings** |
|---|---|---|
| Wet No. 36 van 1947 | Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 | Artikel 18(1)*(i)* vir sover dit betrekking het op oortredings van artikels 7 en 7*bis* |
| Wet No. 71 van 1962 | Dierebeskermingswet, 1962 | Artikels 2(1) en 2A |
| Wet No. 45 van 1965 | Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 | Artikel 9 |
| Wet No. 63 van 1970 | Wet op Bergopvanggebiede, 1970 | Artikel 14 vir sover dit betrekking het op oortredings van artikel 3 |
| Wet No. 15 van 1973 | Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 | Artikel 19(1)*(a)* en *(b)* vir sover dit betrekking het op oortredings van artikels 3 en 3A |
| Wet No. 63 van 1977 | Wet op Gesondheid, 1977 | Artikel 27 |
| Wet No. 73 van 1980 | Wet op Beheer van Storting ter See, 1980 | Artikel 2(1)*(a)* en *(b)* |
| Wet No. 6 van 1981 | Wet op Mariene Besoedeling (Beheer en Siviele Aanspreeklikheid), 1981 | Artikel 2(1) |
| Wet No. 43 van 1983 | Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 | Artikels 6 en 7 |
| Wet No. 2 van 1986 | Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986 | Artikel 3A |
| Wet No. 73 van 1989 | Wet op Omgewingsbewaring, 1989 | Artikel 29(2)*(a)* en (4) |

| No. and year of law | Short title | Relevant provisions |
|---|---|---|
| Act No. 18 of 1998 | Marine Living Resources Act, 1998 | Section 58(1) in so far as it relates to contraventions of sections 43(2), 45 and 47, and section 58(2) in so far as it relates to contraventions of international conservation and management measures |
| Act No. 36 of 1998 | National Water Act, 1998 | Section 151*(i)* and *(j)*. |

**Short title and commencement**

**9.** This Act is called the National Environmental Management Amendment Act, 2004, and commences on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

| No. en jaar van wet | Kort titel | Tersaaklike bepalings |
|---|---|---|
| Wet No. 18 van 1998 | Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 | Artikel 58(1) vir sover dit betrekking het op oortredings van artikel 43(2), 45, en 47, en artikel 58(2) vir sover dit betrekking het op oortredings van internasionale bewarings- en bestuursmaatreëls |
| Wet No. 36 van 1998 | Nasionale Waterwet, 1998 | Artikel 151 *(i)* en *(j)* |

## Kort titel en inwerkingtreding

**9.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2004, en tree in werking op 'n datum by proklamasie in die *Staatskoerant* deur die President bepaal.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4000